



## Necesse in 2020

Die Necesse-opsie is een van Medihelp se omvattende voordele-opsies en bied ruim versekerde dag-tot-dag-voordele en uitstekende dekking in privaat hospitale deur gehaltenetwerke.

Netwerke, aangewese diensverskaffers, voordele en die prosesse wat jy in 2020 moet volg om dié voordele te gebruik, word volledig in die Necesse-gids bespreek. Klik op die skakel om die gids te lees of af te laai.

[Necesse Network-ledegids](#)

## Netwerke in 2020

Hoewel die aangewese diensverskaffers en netwerke in 2020 dieselfde bly (raadpleeg asseblief die gids vir besonderhede) is vier hospitale by die netwerk van privaat hospitale in KwaZulu-Natal en die Wes-Kaap gevoeg, naamlik:

- Mediclinic Newcastle
- Mediclinic Stellenbosch Dagkliniek
- Mediclinic Winelands Ortopediese Hospitaal
- Medicross Foreshore Daghospitaal

## Maandelikse ledegeld in 2020

In 2019 het Medihelp die eerste fase van die herstrukturering van Necesse begin om sy volhoubaarheid te verbeter deur die middelste inkomstegroepe te konsolideer. Weens die toename in die voordeleverbruik van sy veranderende ledebasis, sal die twee oorblywende hoër inkomstegroepe in 2020 gekonsolideer word, wat beteken dat die opsie net een toepaslike inkomstegroep sal hê. Hierdie verandering in die ledegeldsamestelling is nodig om Necesse se voortgesette volhoubaarheid te verseker, terwyl die omvattende voordele behoue bly. Jy sal dus in 2020 in die oorblywende inkomstegroep val en hoef nie meer bewys van jou inkomste te voorsien nie.

Die maandelikse ledegeld vanaf 1 Januarie 2020 verskyn hier onder:

### Maandelikse ledegeld

Bruto maandelikse inkomste		R601+	
Hooflid	👤	R2 551	Werkgewersbydrae is nie by die maandelikse ledegeld ingereken nie
Afhanklike	👤	R1 994	
Kinderafhanklike <21 jaar	👤	R1 108	

## Diens en ondersteuning in 2020

- Op die [Member Zone](#) (beveiligde webblad vir lede) kan jy inligting kry met net 'n klik of twee. Jy kan jou belastingsertifikate aflaai, beskikbare voordele sien, eisestate lees, besonderhede bywerk en goedkeuringsversoeke vir hospitalisasie aanlyn rig.
- Medihelp se app vir lede het funksies soos toegang tot 'n e-lidmaatskapkaart, soek vir 'n netwerkverskaffer en inligting oor jou beskikbare voordele.
- Die nuutste élan-tydskrif met artikels oor onderwerpe soos 'n gesonde swangerskap en bringesondheid is beskikbaar op die [HealthPrint-webtuiste](#) vir jou leesgenot.

Indien jy oorweeg om vanaf 1 Januarie 2020 na 'n ander voordele-opsie te verwissel, moet jy ons asseblief laat weet via die [Member Zone](#) of per e-pos na [membership@medihelp.co.za](mailto:membership@medihelp.co.za) teen Maandag, 16 Desember 2019 op die laatste. Na hierdie datum sal geen verwisseling van voordele-opsie aanvaar word nie. Indien jy Medihelp graag wil skakel om te verwissel, moet jy dit asseblief voor Vrydag, 13 Desember 2019 om 16:00 by 086 0100 678 doen om genoeg tyd vir die verwerking van die verwisseling toe te laat.

Vriendelike groete



HEYN VAN ROOYEN  
HOOFBEAMPTTE